

13 Februarie

Skriflesing: Psalm 150:1-6

Fokusgedeelte: Psalm 150:1, 6

Almal moet die Here prys!

Ons hou almal van musiek. In al die musiek wat jy luister, moet daar êrens 'n musiekinstrument wees waarvan jy die meeste hou. Dink maar ... as jy jonk is, is dit dalk 'n elektriese kitaar of dromme, of as jy ouer is dalk 'n viool of trompet. Of miskien hou jy van koorsang of van opera.

As jy self mooi kan sing of daardie liefling-instrument kan speel, is dit die instrument waarmee jy jou lofprysing aan God die beste kan verklank. Maar al kan jy geen instrument speel nie, is ons almal lief vir ons eie stem. Begin om God te prys deur te praat. Maar voor jy praat, maak eers jou Bybel oop en gaan staan ook eers 'n slag buite onder die sterrehemel. Leer God eers ken as jou Verbondsgod en as die Skepper van die groot heelal.

Praat dan eerste met God Self. Sê vir Hom in die woorde van jou hart dat Hy groot is. Prys Hom met jou eie woorde vir sy verlossing in Jesus Christus en al sy wonders in jou lewe. Maar praat ook met ander en vertel hulle dat jou God groot is. Al is dit 'n simbaal, kan die helder klank van een instrument baie mooi wees. Voeg dit egter saam in 'n orkes van instrumente, dan klink dit ongelooflik mooi. Daarom moet ons ook saam met mekaar in die erediens die Here prys.

150 Psalms ... 150 jaar Gereformeerde Kerke-wees in Suid-Afrika ... Psalm 150 roep ons op om altyd en almal die Here te prys. Onthou: God woon daar waar Hy met 'n hart vol lof geprys word. (Ps 22:4). Prys die Here!

Sing: Psalm 150:1 (Totius)

Ds DJ Bakker (Boksburg)

